



# ELZETTE MINNAAR TOERE

Posbus 54107  
Ninapark  
0156  
info@minnaartoere.co.za  
www.minnaartoere.co.za

Tel 012 546 0770  
Tel 012 565 4883  
Sel 082 761 7115  
Faks 086 628 6146

## ORANIA EN SUIDERSTERRE 11 – 19 OKT 2020



### 11 OKT

Ons vertrek op hierdie opwindende toer om 06:00 vm vanaf die **Garden Court Hotel, Hatfield, hoek van Pretorius- en Endstraat**. Ons roete neem ons op die N1 verby **Kroonstad, Ventersburg, Winburg**, tot by **Bloemfontein** waar ons weg draai in die rigting van **Petrusburg, Koffiefontein, Luckhoff** tot by Orania, wat geleë is op die oewer van die Oranjerivier. **Aandete en oornag Orania**



### 12 OKT

Vandag gaan ons op 'n **begeleide toer deur Orania**. Ons kyk na 'n DVD oor hoe die dorp tot stand gekom het en ook na sy vele projekte. Ons lê besoek af by 'n paar klein besighede wat op Orania bedryf word. Mev **Betsie Verwoerd se woonhuis is na haar dood omskep in 'n Museum** waar talle geskiedkundige artikels uitgestal word. Ons besoek ook die begrafplaas waar sy begrawe is. **Die Koeksister Monument** is ook interessant en het geskiedenis. 'n Klein neutverpakkingsprojek word ook besoek. Ons maak ook 'n draai by die **Wijnhuis**. Orania het 'n groot aanplanting van neutbome, 20, 000 in totaal. Ons besoek hierdie neutbome en sien 'n hele klomp steenbökkies in die plantasie. **Aandete en oornag Orania.**



### 13 OKT

Na 'n heerlike ontbyt groet ons Orania en besoek die **Van der Kloof dam** en die dorp. Ons ry deur **Petrusville en Phillipstown tot by Hannover** en sluit daar weer aan by die N1. Ons ry deur dorpe soos **Richmond, Drie Susters en Beaufortwes** tot by Prince Albert Road waar ons wegdraai in die rigting van Prince Albert. **Aandete en oornag Prince Albert.**



### 14 OKT

Vandag is een van die hoogtepunte op die toer! Ons onderneem 'n **daguitstappie na die Hell!** Ons ry tot bo-op die **Swartbergpas** en draai dan in die rigting van **Gamkaskloof of beter bekend as die Hell!** Hier besoek ons die vyfde geslag van die oorspronklike inwoners van hierdie gebied! Ons eet 'n heerlike middagete by hulle en keer dan weer terug na Prince Albert. **Aandete en oornag Prince Albert**



### 15 OKT

Vandag reis ons na Oudtshoorn via **Meiringspoort** waar die wat fiks is die waterval kan besoek. Ons ry ook deur **Klaarstroom en stop by De Rust**. Ons doen 'n **begeleide toer deur die Kangogrotte** en staan verstom oor hierdie asemrowende grotte. Ons besoek ook 'n **Volstruisplaas**. **Aandete en oornag Prince Albert.**



### 16 OKT

Na ontbyt het u tyd om die **Francie Pienaar Museum** te besoek en die dorp te verken. Ons besoek ook **Soetkaroo**, die kleinste kelder in die land. Hierna vertrek ons in die rigting van die historiese **Matjiesfontein** waar **Johnny**, 'n flambojante plaaslike "toergids", ons op 'n begeleide toer deur die **Lord Milner Hotel** neem. Aan die einde van die toer sing ons hartlik saam met hom in die kroeg waar hy op die traporrel vir ons begelei. Ons besoek die **Museum** en verwyd tyd by die paar winkels wat daar is. Voort na Sutherland deur **Verlatenkloof** oor die **Roggeveldberge**. Hierdie dorp is wêreldbekend vir die **SALT** wat hier opgerig is. **SALT** staan vir **Southern Africa Largest Telescope** of staan dit dalk ook vir **South Africa Lowest Temperature**?

Indien die omgewing goeie reën gehad het sal die veldblomme ongelooflik mooi wees hierdie tyd van die jaar! Dis geel bosse met die spekbos wat wit in die blom staan en tussenin die pers vygies! Ons sien met verwagting uit na die aand sodat ons die sterbelaaide Karoonag kan ervaar! **Aandete en oornag Sutherland.**

### 17 OKT

Vanoggend besoek ons die **geskiedkundige NG Kerk** vir 'n begeleide toer. Die **Louw Huis** waar NP van Wyk Louw en W.E.G. Louw grootgeword het is beslis ook 'n besoek werd. Dit is ryk aan geskiedenis rondom hierdie twee bekende digters. Vanmiddag besoek ons die **Sterrewag** vir 'n begeleide toer deur die **SALT** en vanaand kyk ons sterre deur een van die kleiner teleskope. Die **SALT** word nie gebruik vir sterrekyk nie, maar is slegs vir navorsing bedoel. **Aandete en oornag Sutherland.**

### 18 OKT

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons op ons eerste skof huistoe. Ons volg die N1 tot by Colesberg. **Aandete en oornag Colesberg.**

### 19 OKT

Ons vertrek vroegoggend vanaf **Colesberg** en ry deur **Norvalspont** na die **Gariepdam**. Ons reis terug na Pretoria met die N1 deur Bloemfontein, Kroonstad ens. **Ons arriveer in Pretoria om ongeveer 5.30 nm** met wonderlike herinneringe aan hierdie **besondere roete** en die **interessante plekke** wat ons besoek het!

Hierdie is 'n baie **besondere roete** wat ons volg. Die toer het **baie hoogtepunte** soos bv. Orania, Die **daguitstappie na die Hel (Gamkaskloof)** en die **Salt by Sutherland**, asook die **sterrekyk sessie!**

**Hoop ons sien u op die toer!**

Vriendelike groete,  
EMT SPAN

Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2000	R13500	R2245	06:00 vm	Garden Court Hotel
<b>Bankbesonderhede</b>	Naam van rekening: AMT Bank: FNB Tjekrekening Reknr 62616861507 Takkode 54005			
<b>Verwysingsnommer</b>	U verwysingsnommer: <b>ORA en u van</b> bv. ORADeWet			
<b>Kontant inbetalings</b>	Moet asseblief nie kontant in ons rekening in betaal nie. Slegs bank- of internetoerplasinge.			
<b>Deposito</b>	'n Deposito van R2000 is betaalbaar met bespreking en die balans is betaalbaar 45 dae voor die toer se vertrekdatum.			
<b>Paspoort</b>	U benodig nie 'n paspoort vir hierdie toer nie.			
<b>Toerprys sluit in</b>	<p><b>Ingesluit by toerprys</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vervoer in 'n luukse bus met lugreëling, gordyne en toilet</li> <li>• Baie goeie akkommodasie</li> <li>• Twee etes daaglik: ontbyt en aandete</li> <li>• Toegangsgelde vir genoemde besienswaardighede</li> </ul> <p><b>Nie ingesluit by toer:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Middagetes</li> <li>• Fooitjies vir bagasie hantering R80</li> <li>• Bydrae vir busbestuurder R80</li> </ul>			